## Ly jy aan paraskevidekatriafobie?

Klop op hout, hou jou vingers gekruis en glip gou daardie gelukbringer in jou sak – hier kom Vrydag die dertiende!

Paraskevidekatriafobie klink dalk soos ‘n skelwoord, maar in werklikheid is dit net die geleerde naam vir mense wat ‘n onverklaarbare vrees het vir ‘n Vrydag wat op die dertiende dag van die maand val.

Niemand is regtig seker waarom Vrydag die dertiende met ongeluk verbind word nie. Verskeie teorieë is deur die jare daaraan gekoppel, waaronder dié dat Christus op ‘n Vrydag gekruisig is en omdat die antieke Egiptenare geglo het dat die dertiende stadium van lewe die dood is.

Ander redes wat na Bybelse tye teruggevoer kan word, is ook legio. Daar is bewerings dat Vrydag se swak reputasie in die Tuin van Eden gevind kan word, want dit was glo op dié dag dat Eva vir Adam verlei het om van die verbode vrugte te eet. Ook word gesê die groot vloed het op ‘n Vrydag begin, die toring van Babel se bouers is op ‘n Vrydag deur God met veeltaligheid gestraf en die tempel van Salamo is glo ook op ‘n Vrydag vernietig.

Wat ookal die redes vir dié vreemde bygeloof het Britse navorsers in ‘n omvattende studie bevind dat minstens agt uit elke 100 mense vas daaraan glo. En volgens prof Richard Wiseman, ‘n sielkundige en skrywer van die blitsverkoperboek, *The Luck Factor*, trek diegene wat aan ‘n ongelukkige Vrydag die dertiende glo die ongeluk met rente na hulle toe aan.

Na aanleiding van ‘n studie wat hy verlede jaar deur die Universiteit van Hertfordshire buite Londen gedoen het sê hy mense besef nie dat hulle in werklikheid vir hul eie geluk verantwoordelik is nie. Dit hang glo net af van jou houding jeens die lewe. Mense met ‘n positiewe houding is meer geneig om geluk te ervaar as diegene wat die wêreld deur ‘n emosionele donkerbril aangluur.

Volgens hom is dit ook grotendeels ongelukkige mense wat voel dat Vrydag die dertiende ‘n bedreiging vir hulle inhou omdat dié mense geneig is om baie bygelowig te wees. En wat is bygelowe eintlik anders as ongelukkige voorvalle?

Hy meen die probleem met dié mense is dat hulle lank voor die tyd al bekommerd is oor die koms van Vrydag die dertiende en gevolglik raak hulle baie angstig. Omdat hulle so angstig is, is hulle geneig om meer geredelik by ongelukke betrokke te raak. En wat maak hulle dan? Blameer Vrydag die dertiende en glo nóg meer aan die ongelukkigheid van dié dag.

Dié irrasionele vrees is vir baie mense ‘n wesentlike bekommernis. ‘n Artikel wat in 2000 in die *British Medical Journal* gepubliseer is, meen daar is ‘n verband tussen gesondheid, gedrag en bygelowigheid rondom Vrydag die dertiende. Volgens dié artikel reis heelwat minder mense op dié dag en daar is gewoonlik heelwat meer hospitaalopnames wat aan ongelukke toegeskryf kan word as op “gewone” Vrydae. Of dit wel met die datum te doen het, kon niemand nog onomwonde vasstel nie. Dit is egter ‘n feit dat mense dit nie op dié Vrydag sal oorweeg om belangrike lewensgebeurtenisse soos om te trou of te verhuis sal oorweeg nie.

Ander bygelowe wat met Vrydag die dertiende verbind word, is dat jy nooit jou bed op dié dag moet verskuif of skoon oortrek nie, want dan gaan jy niks anders as nagmerries beleef nie. Moet nooit ‘n reis op dié dag begin nie. Die kanse is glo goed dat jy nie weer sal terugkeer nie. Moet ook nie eens daaraan dink om jou naels op dié ongelukkige dag te knip nie. Dít sal net verdriet bring.

Onthou net, teen die tyd dat jy uiteindelik die woord, paraskevidekatriafobie, sonder moeite kan uitspreek, is jou vrees vir Vrydag die dertiende waarskynlik ook genees!

© 2023. Leoni Benghiat